2024-OORSIG
# menlo-insig
6 Desember 2024



Liewe Menlo

Dit is 'n voorreg om die laaste voorblad van die laaste Insig van 2024 te skryf. Aan die einde van die jaar, reflekteer ons met dankbare harte op 'n tyd vol hoogtepunte. Terselfdertyd sien ons met opgewonde harte na die toekoms uit, want God gee vir elkeen van ons 'n verwagting. Dit wat Hy vir ons beplan het, is kosbaar en mooi. Dit wat God vir Die Hoërskool Menlopark afgemeet het, is goed.

Die afgelope nege maande voel byna soos 'n droom, want sedert April was daar dae wat ek, nes julle, skaars grond gevat het. Daar skuil egter waarheid in ons informele credo, want dankbaarheid en geluk is inderdaad in betrokkenheid te vinde. Nou is dit egter eers tyd om die pas te markeer en met dankbaarheid na die afgelope jaar terug te kyk.

Ons pragtige skool en uitsonderlike fasiliteite is eerste op die lys van dinge waarvoor ek dankbaar is. Die hartklop van Menlo is egter die pragtige mense – Parkies, kollegas, ouers en die beheerliggaam. Na 'n driekwart jaar as hoof, sien ek met verwagting na my EERSTE eerste kwartaal op Menlo-bodem uit: 'n somersportkwartaal en GEESkwartaal. Gerugte wil dit hê dat hierdie kwartaal bekend vir talle hoendervleisoomblikke en Menlo-mal-momente is!

Soos wat die lewe is, was daar vanjaar ook 'n paar uitdagings. Ek is dankbaar vir kollegas, ouers en vriende wat my hande in moeilike tye hoog gehou het én teenoor elke Parkie wat 'n steunpilaar vir 'n maat was.

'n Blinknuwe toekoms wink vir die klas van 2024. Die skool sien saam met hulle na mooi matriekuitslae uit – die beloning vir harde werk van vyf jaar by dié skool en 'n skoolloopbaan van twaalf jaar.

Mag die feestyd werklik vir elke Menlo-mens die geleentheid bied om asem te skep en herinneringe saam met hartsmense te versamel. Mag 2025 'n fantastiese jaar vir Die Hoërskool Menlopark wees. 'n Jaar waarin ons die doelwitte wat ons vir onsself stel, mag bereik.

Kyk gerus na die bemoedigende woorde van Psalm 16 wanneer ons mekaar vir eers groet: “Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af. 'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi.”

Mooi loop, Menlopark.

*Mnr. Kobus Hartman*




# Matriekuitslae: 2023

| | |
|---|---|
| Slaagsyfer | 100% |
| Graadvrystellingskoers | 98% |
| Graadgemiddeld | 73% |
| Aantal leerders met A-gemiddelde | 82 |

Onderskeidings in die kernvakke

| | |
|---|---|
| • Afrikaans | 112 |
| • English (FAL) | 110 |
| • Wiskunde | 56 |
| • Fisiese Wetenskappe | 36 |
| • Rekeningkunde | 43 |
| • Lewenswetenskappe | 27 |

# Graadprestasies: 2024


- Graad 12
    - Gemiddeld van Dux-leerder 95.14%
    - Hoogste gemiddeld (gr. 8 – gr. 12) 95.67%
    - Leerders met gemiddelde van 75% en hoër 125
- Graad 11-leerders met gemiddelde van 80% en hoër 101
- Graad 10-leerders met gemiddelde van 80% en hoër 68
- Graad 9-leerders met gemiddelde van 80% en hoër 121
- Graad 8-leerders met gemiddelde van 80% en hoër 87


*Excelsa Petamus*











AKADEMIE

# Ekspo's & Olimpiades

## Afrikaans Senior Olimpiade

Organiseerder: Me. Erika du Plessis

Nasionale posisies:
- Die eerste, tweede en derde plekke behoort aan Menlo.
- Die derde plek word deur twee Parkies gedeel.
- Vyftien leerders onder die top-100.

Provinsiale posisies:
- Nege leerders onder die top-20.

## Afrikaans Junior Olimpiade

Organiseerder: Me. Erika du Plessis

Nasionale posisies:
- Ses leerders onder die top-100.

Provinsiale posisies:
- Drie leerders onder die top-20.

## Poort-skryfkompetisie

Organiseerder: Me. Erika du Plessis
- Vyf leerders se werke word in vanjaar se Poort-publikasie gepubliseer.

## FAK-ekspo

Organiseerder: Me. Helene Uys
- Twee kategoriewenners.
- Ses Parkies verwerf goue toekennings.

## English Olympiad

Organiseerder: Me. Bronwyn Bantich
- 53 Menloparkers neem deel.
- Goud: 4
- Silwer: 24
- Brons: 17

## Wiskunde-olimpiade


Onderwyser: Mnr. Willem Botha

Prestasies:
- Een Parkie tel onder die top-100 (nasionaal).
- Drie leerders word in Gauteng-Noord-spanne opgeneem.
- Sewe Parkies tel onder die top-3 van hulle ouderdomsgroepe by Tuks se nasionale olimpiade.










## Natuurwetenskap-ekspo

**Organiseerders** Mee. A. Rademeyer & T. Matthysen

**IMBEWU Noord-Gauteng Science Expo**

- 26 Menloparkers neem deel.
- Toekennings:
  - Yster: 1
  - Brons: 5
  - Silwer: 8
  - Goud: 12
- Podiumtoekennings en spesiale pryse:
  - Vyf kategoriewenners.
  - Twee toekennings vir die Beste Afrikaanse Taalgebruik in 'n Wetenskapprojek.
  - Derde beste projek in Gauteng.
  - Beste projek in Gauteng.

**SAYESS Nasionale Ekspo**

- Ses Menloparkers kwalifiseer vir deelname.
- Toekennings:
  - Brons: 1
  - Goud: 3
  - Kategoriewenners: 2

## Frans

**Onderwyser** Me. Mia-Louise Nel

**Gr. 12-kamp**

- Die kamp vind oudergewoonte plaas.

**Spelling bee**

- Twee Parkies vorder tot in die nasionale ronde.

**Franse toer**

- Twaalf leerders toer in Junie na Frankryk.

**DELF-eksamen**

- Die Parkies behaal weereens uitstekende resultate:
  - A1: Ses Parkies slaag.
  - A2: Vyf Parkies slaag.
  - B1: Drie Parkies slaag.

## Duits

**Onderwyser** Me. Susan van der Westhuizen

**FSA-uitruilprogram**

- Sewe deelnemers.

**Goethe-eksamen**

- Een leerder slaag die Goethe Zertifikat: Vlak B2.

**Nasionale Duitsolimpiade**

- Vier leerders onder die nasionale top-10.

**Internasionale Duitsolimpiade**

- Een leerder neem deel.












## Inligtingstegnologie

**Organiseerder** Mnr. Luka Jansen van Vuuren

**Programmerings-olimpiade**

- Eerste ronde: Tien deelnemers.
- Toekennings
  - Goud: 4
  - Silwer: 2
  - Brons: 2
- Tweede ronde: Agt deelnemers.
- Finale ronde: Een deelnemer.
- Verower 'n brons medalje.

## Robotika

**Organiseerder** Me. Erika Meyer

**Vinnige feite**

- Menlo bied 'n robotika-uitdaging vir laerskole aan.
- Robotika word vanjaar vir die eerste keer as keusevak op Menlo-bodem aangebied.
- Onderwerpe wat in die Robotikaklas bestudeer word, sluit in:
  - Kunsmatige intelligensie
  - Masjienleer
  - Outonome stelsels
  - Mens-robot-interaksies
  - Robotika-ingenieurswese
- Die Robotikaklub het veertien lede – enigeen is welkom!
- Die Parkies sien daarna uit om in 2025 met 'n paar nuwe robotte, hommeltuie en 3D-drukkers te werk.

## STEM-Olimpiade


**Organiseerder** Me. Madeleine Zaayman

- 408 leerders van graad 10 tot graad 12 neem aan hierdie uitdagende olimpiade deel.
- Brons: 70
- Silwer: 27
- Goud: 12









AKADEMIE

## Besigheidstudies, Rekeningkunde en Ekonomie

**Organiseerder**
Me. Marcel Nell

**Olimpiade vir Besigheidstudies, Rekeningkunde en Ekonomie**

- Veertien Menloparkers neem aan die eerste ronde deel.
- Nege leerders dring na die finale ronde deur.
- Menlo ontvang twee goue sertifikate (Ekonomie en Besigheidstudies).
- Die algehele wenner (Ekonomie) is 'n Menloparker.

## Kuns

**Onderwyser**
Me. Mariana de Klerk

**Tshwane Prestige Jeug Kunstefees**

- 32 Parkies se kunswerke is vir die uitstalling in die Staatsteater gekeur.

**Marshmelllow Excello Nasionale Eisteddfod Pretoria Eisteddfod**

- 'n Parkie behaal 94% vir haar kunswerk.
- Simbole wat deur Menlo se kunsleerders verwerf is:
    - A: 10
    - A+: 17
    - A++: 4
- Menlo-kategoriewenners:
    - Gr. 10: Grafiese drukkuns
    - Gr. 11: Ontwerp
    - Gr. 11: Skilderkuns
    - Gr. 12: Tekenkuns

**Skeppende Kunste se provinsiale uitstalling**

- Twee leerders se kunswerke is vir die uitstalling by die Robertsham Primary School in Johannesburg gekeur.

**Bold Internasionale Eisteddfod**

- Menlo behaal die volgende plekke:
    - Tekenkuns: Algehele wenner.
    - Skilderkuns: Algehele wenner.

**Brooklyn Mall se Kinnerkunsfees**

- Twee Parkies behaal algehele tweede plekke in die skilder- en tekenkunsafdelings.
- 'n Parkie word as die wenner van die gr. 10-skilderkategorie aangewys én as die algehele wenner van die hoërskole-afdeling
- Een Parkie se kunswerk word aan 'n anonieme versamelaar verkoop.

**Woodlands Kunskompetisie**

- 'n Parkie word as die wenner van die gr. 12-skilderafdeling aangewys
- 'n Parkie behaal die algehele derde plek in die gr. 10-afdeling.
- Menlo behaal algeheel die derde plek.












# Kultuur

## Debat

Organiseerder: Me. Tanya Matthysen

ATKV-kompetisie
- Menlo se senior span behaal die sewende plek in die nasionale finaal.

Con Spirito-kompetisie
- Ses spanne is in die landsfinaal in aksie.
- Twee junior spanne eindig onder die top-10. Menlo behaal die eerste en negende plekke.

## Redenaars

Organiseerder: Mnr. Corné van Wyk

ATKV-kompetisie
- 52 Parkies neem aan die eerste ronde deel.
- 17 Menloparkers dring na die semifinale ronde deur.
- Twee Menlo-raakpraters dring na die nasionale finaal deur en behaal die sewende en veertiende plek onderskeidelik.

Van Huyssteens Oratorsfees
- Deelname: 19 spanne en 30 individuele sprekers neem aan die Engels-, Afrikaans- en Tweetalige afdelings deel.
- Afrikaans: Een span en twee individuele sprekers neem aan die finaal deel. Een individuele spreker stap met die hamertjie weg.
- Engels: Een span en twee individuele sprekers neem aan die finaal deel. Een individuele spreker stap met die hamertjie weg.
- Tweetalig: Een individuele spreker neem aan die finaal deel en stap met die hamertjie weg.

Radikale redenaars
- Deelname: Vyftien sprekers.

## JIVE

Organiseerder: Mnr. Willem Botha

Aktiwiteite
- Wêreldbiddag vir vroue.
- Youthfest (lofprysingsgeleentheid vir 800+ leerders).
- Menlo-lofprysingsorkes word vanjaar gestig en behartig amfi-openinge op 'n tweeweeklikse basis.












### Omgeekomitee

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Willem Botha |
| Uitreike | • Wollies Diereskuiling<br>• Daybreak Babahuis<br>• Bramley Kinderhuis<br>• NG Wespoort Kinderhuis |
| Omgeeweek | • Menlo maak 'n donasie aan ses organisasies. |

### Revue

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Andrew Mc Geer |
| Kaleidoskoop kompetisie | • Kategoriewenners: 94%. |

### Junior koor

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Lourens de Jager |
| Pretoria Eisteddfod | • Die junior koor behaal 'n A+. |
| ATKV-Applous | • Silwer. |
| Afrikaanse Kultuurvereniging (AKV) | • Die junior koor behaal 'n B+. |

### Koor

| | |
|---|---|
| Koorleier | Me. Jeanmari van Papendorp |
| Pretoria Eisteddfod | • Behaal 'n A++.<br>• Beste gemengde koor.<br>• Algehele wenner. |
| ATKV-Applous | • Beste gemengde koor in Suid-Afrika. |

### Menlo-Musiek-Akademie

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Lourens de Jager |
| Pretoria Eisteddfod | • Drie toppresteerders.<br>• Agt kategoriewenners.<br>• Vier afdelingswenners. |
| Afrikaanse Kultuurvereniging (AKV) | • Vyf kategoriewenners.<br>• Vyf afdelingswenners. |
| Noorderkruin Eisteddfod | • Drie kategoriewenners.<br>• Twee afdelingswenners. |

### Orkes en Ensemble

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Me. Coleen Maré |
| Orkes | • Deelname: Tres Scholarum. |
| Ensemble | • Tree by verskeie geleenthede op. |












## Blou Teater Dans

**Organiseerder:** Me. Elana Heyns

**Spanne**
- Menlo het vyf spanne.

**DANCE International Awards**
- Vier kategoriewenners en twee tweede plekke
- Eerste plek: Novice items.

**American Dance Awards**
- Menlo ontvang twee spesiale toekennings.
- High Silver: 2
- Goud: 2

**S.A Dance School Championships**
- Kategoriewenners.
- Vier goue toekennings.

## Drama & Toneel

**Organiseerder:** Me. Roché van Blerk

**Toneel**
- 6 tonele en 64 leerders neem aan verskeie kompetisies deel.
- Die Parkies ontvang vanjaar 121 sertifikate:
  - Brons: 81
  - Silwer: 37
  - Goud: 3
- Menlo ontvang 'n spesiale ATKV-toekenning: Cum Laude

**Drama**
- 31 Parkies skryf vir individuele items by verskeie feeste en eisteddfods in.
- Menloparkers ontvang altesaam 194 sertifikate
- Parkies word vyftien keer as kategoriewenners aangewys.









# Sport

## Gholf

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Nico van Eeden |
| NWU-skolereeks | • A-afdeling: Tweede.<br>• B-afdeling: Eerste.<br>• C-afdeling: Derde. |
| Voorsitterstrofee | • Menlo behaal die tweede plek. |
| GNGU-ligas | • Twaalf Menlo-spanne neem deel.<br>• Menlo behaal tweede plekke in die A-, B- en C-ligas. |
| Provinsiale kleure | • Drie spelers. |
| GholfRSA | • Een leerder word in die Elite Squad opgeneem. |

## Krieket

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Arno van Wyk |
| Noord-Suid T20 | • Vierde plek. |
| Nasionale kleure | • Een Parkie is in die o. 19-Wêreldbekergroep. |
| Provinsiale kleure | • Tien Parkies word in Titan-spanne opgeneem. |
| Kolf- en boulprestasies | • Daar word tydens agtien geleenthede vyf of meer paaltjies geneem.<br>• Die Parkies teken 23 honderdtalle aan. |
| Noordvaal-toernooi | • Die eerstespan speel in die semifinaal. |

## Muurbal

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Willem Botha |
| NWU-reeks | • Wenners. |
| Menlo se interskole toernooi | • Menlo bied die toernooi vanjaar vir die tweede keer aan.<br>• Sewe skole neem deel. |
| Provinsiale kleure | • Daar is agt Parkies in provinsiale spanne. |
| SA ranglys | • Een Parkie tel onder die top-10-spelers in die land. |










## Netbal

**Organiseerder**
Me. Eleanor du Toit

**NWU-skolereeks**
- Algehele wenners.

**Irene Seymore-toernooi**
- Wenners: o. 17 en o. 19.

**Menlo-toernooi**
- Menlo bied die grootste toernooi in die land aan.
- 154 hoërskoolspanne neem aan die skouspel deel en speel 880 wedstryde.
- 144 laerskoolspanne neem aan 688 wedstryde deel.

**Liga**
- Spanne wat vir Gauteng-uitspele kwalifiseer: o. 14, o. 15, o. 16, o. 17 en o. 19.

**Suid-Afrikaanse Kampioenskap**
- O. 14: Agtste.
- O. 16: Vyfde.
- O. 17: Vyfde.
- O. 19: Vierde.

**Provinsiale en nasionale spelers**
- Drie dogters ontvang Gauteng-kleure.
- O. 17: Een SA speler.
- O. 18: Een Parkie in die top-35-groep.

**Fast5**
- O. 18's wen SA's.

## Atletiek

**Organiseerder**
Mnr. JJ Smith
Me. Lelanie van Wyk

**Deelname aan byeenkomste**
- Menlopark maak skoonskip by die volgende byeenkomste:
  - Noordheuwel Top 15
  - TUT Top 12
  - NWU Puk Top 30
  - Grey-Oranje-byeenkoms
  - Interhoër
  - Nasionale Curro Podium Spankompetisie
  - Menlopark sluit 2024 met die 6-skolebyeenkoms af

**ASA SA atlete**
- 48 Menloparkers neem deel.
- 19 Menlo-atlete verower medaljes.

**Internasionale deelname**
- Menlo spog met drie deelnemers aan die Junior Wêreldkampioenskap in Peru.




## Landloop

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. JJ Smith<br>Me. Lelanie van Wyk |
| NWU-skolereeks | • Algehele wenners. |
| GNNSL-skoleliga | • Wenners: Junior afdeling (dogters). |
| Noordvaalfinaal | • Dogterspan: Derde.<br>• Seunspan: Vierde. |
| SA 10 km-kampioenskap | • Vyf Parkies neem deel.<br>• Menlo spog met 'n brons medalje. |
| ASA se SA kampioenskap | • Sewentien Menlo-atlete neem deel. |

## Rugby

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Dirk Odendaal |
| NWU-skolereeks | • Algehele wenners.<br>• O. 19A: Naaswenners.<br>• O. 16A: Wenners.<br>• O. 16B: Brons.<br>• O. 15A: Brons. |
| Noordvaal-liga | • O. 15A: Semifinaliste. |
| Sewes | • O. 17: Naaswenners |
| Noordvaalbeker | • O. 15: Wenners.<br>• Menlo speel in ses bekerfinale en wen drie. |
| Provinsiale spelers | • Sewentien seuns verwerf provinsiale kleure (vyftienmanspel).<br>• Twee seuns verwerf provinsiale kleure vir sewesrugby. |
| Provinsiale afrigters | • Menlo spog met drie provinsiale afrigters. |




## Hokkie: dogters

**Organiseerder:** Mnr. Brad Brook

**NWU-reeks**
- Wenners: o. 18A, o. 18B & o. 16B.

**Toernooie**
- O. 14A
  - Roedean Festival: Derde.
  - Friendship Cup: Wenners.
- O. 15A
  - Menlo-toernooi: Wenners.
  - Friendship Cup: Tweede.
- O. 16A
  - St Mary's Kloof Toernooi: Wenners.
  - Pullen & Howell Toernooi: Wenners (B-afdeling).
- O. 18A
  - St Mary's Waverley Toernooi: Sewende.
  - St Stithians Easter Festival: Onoorwonne.

**Liga**
- Die volgende spanne is onoorwonne: o. 14A, o. 18B & o. 18A.

**Noordvaal**
- O. 15A: Derde.

**Top-12**
- O. 14A, o. 16A en o. 18A kwalifiseer vir deelname.
- O. 16A: Derde.

**Provinsiale spelers**
- Agtien spelers verwerf provinsiale kleure.


**Nasionale spelers**
- Menlo spog met twee SA spelers (o. 18).

## Hokkie: seuns

**Organiseerder:** Mnr. Brad Brook

**Toernooie**
- O. 14A
  - Pretoria Cup: Wenners.
  - Coastal Cup: Deelname.
  - Rising Cup: Sewende.
- O. 16A
  - NWU-reeks: Tweede.
  - Coastal Cup: Deelname.
  - Top-12: Negende.
- O. 18A
  - NWU-reeks: Wenners.
  - Coastal Cup: Deelname.
  - Guschkie Cup: Vierde

**Provinsiale spelers**
- Sewe spelers verwerf provinsiale kleure.




## Perdesport

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Me. Lizé du Plooy |
| Menlo-perdeskou | • Die skou spog vanjaar met ’n rekordgetal inskrywings. |
| Gauteng Tshwane Kampioenskap | • Sewentien ruiters neem deel. |
| Nasionale kampioenskap | • Twaalf ruiters neem deel. |
| Liga | • Menlo-perdesport maak vanjaar hulle buiging in die A-liga. |

## Tennis

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Me. Elné Coertzen |
| GN-kampioenskap | • Twee Parkies verwerf provinsiale kleure.<br>• Die provinsiale afrigter (o. 19) is ’n Menloparker. |
| Boland Landbou Tennistoernooi | • Vyfde. |
| St. Mary's Waverley | • Vierde. |
| Groot 5 Tennistoernooi | • Naaswenners. |
| GN-liga | • Junior A-span: Ligawenners. |
| Sun City Menlo-Mixit | • Senior spanne (seuns & dogters) kraai koning. |
| NWU-Skolesportreeks | • Juniors: Wenners.<br>• Seniors: Naaswenners. |
| Pretoria Seuns O. 15-toernooi | • Menlo is een van slegs twee gemengde skole in die top-6. |
| Marilie Moolman Tennistoernooi | • Menlo se seuns en dogters tree as wenners uit die stryd. |
| Absolut Menlo-Tennistoernooi | • Seuns: Naaswenners. |
| Sun City Wilson Shield | • Dogters: Wenners. |
| NWU Eagles Multi Surface Tennis Challenge | • Seuns: Wenners.<br>• Dogters: Vyfde. |
















## Skaak

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Me. Anouk de Klerk |
| NWU-reeks | • Menlo behaal die tweede plek. |
| Liga | • Al drie Menlo se skaakspanne wen hulle ligas. |
| Gauteng-finaal | • O. 17's dring deur. |
| Provinsiale kleure | • Een speler. |

## Fietsry

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Me. Simoné Labuschagne<br>• Menlo maak vanjaar skoonskip in die volgende reekse:<br>  • NWU<br>  • Menlo-interskole<br>  • Cycle Lab |
| Nasionale kampioenskap | • Menlo behaal die vierde plek.<br>• Menlo behaal twee podiumposisies. |

## Swem

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Phillip Erasmus |
| Ligas | • Menlo neem aan drie ligas deel. |
| Interhoër | • Die victrix ludorum (A-bond) is 'n Menloparker. |
| Algemeen | • Die swembad is vanjaar opgegradeer om die beste olimpiese swemervaring in Pretoria te waarborg. |




# Algemeen

## Leierskapsontwikkeling

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Me. Priscilla Marais<br>• Verskeie leierskapsontwikkelings-geleenthede vind deur die jaar plaas. |

## Menlobond

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Me. Gisela Rolfes |
| Interhuis en opening van die tartanbaan | • Verskeie oud-Menloparkers en voormalige hoofde was by die geleentheid betrokke. |
| Die Vaandel | • Daar verskyn vanjaar twee uitgawes. |
| Donateursfunksie | • Ons bied vir die eerste keer 'n funksie in die Atterbury Teater aan waar die volgende oud-Menloparkers as gespreksleiers optree: Laurie Dippenaar, Louis van der Watt en Theo Vorster. Ander gaste sluit in: Max du Preez en Faan van der Walt. |
| Menlo-mentors | • Die Menlo-mentorskapprogram word vanjaar geloods. Hierdie program bied aan senior Parkies (gr. 10 – 12) 'n geleentheid om oud-Parkie-sakepersone te kontak om inligting oor beroepskeuses te bekom. |
| Beleggingsfonds | • Die Menlobond bring 'n beleggingsfonds op die been. |
| Reünies | • Agt reünies vind vanjaar plaas. |
| Oud-Parkies op die personeel | • 21 voltydse personeellede en veertien deeltydse personeellede is by die skool werksaam. |
| Oud-Parkie-betrokkenheid | • Meer as 150 oud-Menloparkers was vanjaar op verskillende maniere by die skool betrokke.<br>• #Menloviraltyd |




## Algemeen

### Rapporte

- E-rapporte is reeds aan ouers gestuur.
- Navrae kan in 2025 aan onderwysers gerig word.

### Jaarblaaie

- Graad 12-leerders ontvang jaarblaaie wanneer hulle die matriekuitslae afhaal. Die res van die skool ontvang jaarblaaie aan die begin van 2025.

### Matriekuitslae

- Die skool verwag die matriekuitslae kort nadat die skole in Januarie heropen, maar wag vir bevestiging van die Departement van Onderwys.
- Matrieks kan hulle uitslae in die vierkant afhaal of die skool skakel.

### Skooldrag

- As Menloparkers is ons trots op ons skooldrag en voorkoms. Ouers word vriendelik versoek om seker te maak dat skooldrag steeds netjies pas en dat leerders se voorkoms onberispelik is wanneer die skool begin.
- U word daaraan herinner dat splinternuwe skooldrag by Constantia Uitrusters, School and Leisure en Overkruin Uitrusters beskikbaar is.
- Skooldrag met karakter is by die skool se klerebank beskikbaar.

### Sportdrag

- Sportdrag is by die skool se klerewinkel op die terrein beskikbaar.
- Die winkel sal op 13 en 14 Januarie van 09:00 tot 15:00 oop wees.
- Navrae kan aan mnr. Tinus Vermaak by 082 322 6081 of sportsupplies@telkomsa.net gerig word.

## Dagboek die datums

**13 Januarie**
- Skool open vir personeel.
- Krieket: Gr. 8-proewe (10:00 – 12:00).
- Matriekraad: Vergadering (Ouditorium, 14:00 – 18:00).

**14 Januarie**
- Graad 8-verwelkoming (07:30).
- Krieket: Gr. 8-proewe (14:15 – 16:00)
- Krieket: Ouerinligtingsvergadering (Krieketklubhuis, 16:00).
- Gholf: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00).

**15 Januarie**
- Skool open vir leerders.
- Gr. 8: Atletiekbyeenkoms (14:00 – 18:00).
- Gr. 8: Ouerbraai (17:00 – 20:00).

**16 Januarie**
- Gr. 8: Ouerinligtingsvergadering (Saal, 18:00).

**17 Januarie**
- Atletiek: Interhuis.

**18 Januarie**
- Gr. 8: Swemgala (09:00 – 13:00).









## Finansies

**Voorlegging van die 2025-begroting**

- Die begroting is op 5 November 2024 deur die beheerliggaam aan die ouers voorgelê.

**Goedkeuring van die 2025-begroting**

- Die begroting is op 3 Desember 2024 goedgekeur.

## Skoolfonds en koshuisfooie

| Bedrag | Skoolfonds<br>R57 530 per leerder. | Koshuisfooie<br>R57 000 per inwoner. |
|---|---|---|
| Paaiemente | • Elf gelyke paaiemente van R5 230.<br>• 31 Januarie 2025 tot 30 November 2025. | • Tien gelyke paaiemente van R5 700.<br>• 31 Januarie 2025 tot 31 Oktober 2025. |
| Korting | • Volledige vereffening voor 28 Februarie 2025: R2 015 korting per leerder. | |

## Verwysings

**Skoolfonds**
- U rekeningnommer soos op die skoolfondsrekeningstaat.

**Buitemuurs**
- Die verwysing vir buitemuursaktiwiteite bv. kultuuraktiwiteite of sporttoere verskil van die verwysing vir skoolfonds.
- Maak asseblief seker dat u die regte verwysing gebruik.

**Koshuisfooie**
- U rekeningnommer soos op die koshuisrekeningstaat.








FINANSIES

## Betaling van skoolfonds

- Volledige vereffening van skoolfonds voor 28 Februarie 2025 kwalifiseer vir 'n eenmalige korting van R2 015 per leerder. Skoolfonds betaalbaar vir die jaar na die korting beloop R55 515.
- Elf maandelikse paaiemente ten bedrae van R5 230 per EFO vanaf 31 Januarie 2025 tot 30 November 2025.
- Elf maandelikse paaiemente per debietorder ten bedrae van R5 230 vanaf 31 Januarie 2025 tot 30 November 2025.

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK

EXCELSA PETAMUS

# Geseënde Kersfees

## EN 'N VOORSPOEDIGE NUWE JAAR

MNR. HARTMAN EN PERSONEEL

